GREY KOLLEGE KOSHUISE

MATRONE VERVOERBELEID

As gevolg van die toenemende eise wat aan matrones gestel word in verband met die vervoer van koshuisseuns na verskeie mediese afsprake en as ook in ag geneem word dat elke Matrone ongeveer 120 seuns het om op ‘n daaglikse basis te versorg asook haar gewone daaglikse pligte wat nagekom moet word, wil ons graag die volgende onder u aandag bring:

MATRONES VERSKAF VERVOER NA DIE VOLGENDE MEDIESE PRAKTYKE:

1. DOKTERS: Mimosa Mediese Sentrum; Mediclinic; College Crossing of dokters binne ‘n radius van 2km.

   Matrones vervoer wel seuns wat na spesialiste verwys word bv. Rosepark Hospitaal.

2. APTEKE: MediBloem Apteek of College Crossing Apteek.

3. FISIOTERAPEUTE: James Wessels wat na Skool in die Gimnasium beskikbaar is.
   Anna Swanepoel fisioterapeute (teen 5% afslag) of dié wat binne radius van 2km val.

4. SPORTSBESERINGS DOKTER: Dr Gerhard Jansen by die UOVS

5. TANDARTSE: College Crossing of tandarts binne 2km radius.

6. ORTODONTIS: Dr Damstra; Dr Mussman of enige ander binne 2km radius

7. SIELKUNDIGES: Daar word van ‘n sielkundige op die Skoolterrein gebruik gemaak.
   Matrones vervoer slegs seuns wat deur hulle verwys word.

8. MEDIESE AFSPRAKE DEUR OUERS GEMAAK moet 24 uur voor die tyd deur seuns of ouers aan die matrones gekommunikeer word.
   Indien nie is dit die ouers se verantwoordelikheid om vervoer te reël of te verskaf.

9. DAAGLIKSE MEDIESE AFSPRAKE sal nog steeds deur Matrones gedoen word (met ouers se toestemming)

10. Dit staan u vry om van enige ander mediese dienste gebruik te maak,
    maar die nodige reëlings en vervoer daarvoor is u verantwoordelikheid.

11. Matrones verskaf nie vervoer na winkels, busse, lughawens ens. nie.